GEREFORMEERDE TEOLOGIESE AKADEMIE

Stuur u lig en u waarheid

# PROSPEKTUS

GEREFORMEERDE TEOLOGIESE AKADEMIE

Stuur u lig en u waarheid

Die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) is opgerig deur die Kuratorium van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en deur die Algemene Sinode van 2023 goedgekeur. Stuur u lig en u waarheid (Ps 43:3) is bepalend ten opsigte van die visie, missie, onderrig en navorsing van die GTA.

Die doel van die GTA is om Gereformeerde Teologie te onderrig. Al sy kursusse is in ooreenstemming met die Skrif, en dienooreenkomstig met die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Die eerste prioriteit is om Woordbedienaars vir die GKSA op te lei. Hierbenewens voorsien die GTA in die algemeen in opleidingsbehoeftes van ampsdraers, kerkrade, skribas, lidmate, ouers, kategete, onderwysers, ens., wat hulleself sinvol wil toerus met kennis en vaardighede eie aan die Gereformeerde Teologie en kerklike lewe. Die kursusse is nie beperk tot die GKSA nie. Almal is welkom om aansoek te doen en in te skryf.

Die GTA maak voorsiening vir aanlyn- en afstandsonderrig, ondersteun deur Ad Fontes, die onderrig en leer platform.

E-pos:
info@rgta.org.za

Webtuiste:
www.rgta.org.za

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

# KURSUSSE IN GEREFORMEERDE TEOLOGIE

Gereformeerde Teologie is Bybels, getrou aan die Christelike belydenis, kerkhistories ingelig en bedieningsgerig. Dit hang saam met 'n oortuiging. Waar die Woord bedien word, word Christus bely, kry sy kerk gestalte en word gevolg gegee aan die Christelike bediening. Op grond van hierdie oortuiging het die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) agt kursusse ontwikkel.

Hulle is:

- Die Ou Testament
- Die Nuwe Testament
- Die drie katolieke belydenisse van die kerk
- Die drie Formuliere van Enigheid
- Die geskiedenis en teologie van die kerk in Afrika
- Die orde van Christus in sy die kerk
- Die lewe en diens voor die aangesig van God
- Christus en wêreldbeskouings

Hierbenewens is twee kursusse ontwikkel om die lees en skryfvaardighede wat in kerklike werk en die bestudering van die Bybel en teologie vereis word, te slyp.

Hulle is:

- Lees noulettend
- Skryf noukeurig

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

# VIR WIE IS HIERDIE KURSUSSE BEDOEL?

- Diegene wat kerklik toegelaat is tot ampsopleiding in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
- Iemand wat oorweeg om teologie te studeer, of om 'n predikant te word maar eers die waters wil toets
- Ouderlinge en diakens, wat hulleself verder wil toerus vir die bediening van hulle Godgegewe amp in gehoorsaamheid aan Christus
- Skribas, wat meer wil leer oor die opstel van kerklike dokumente soos agendas, notules, verslae en korrespondensie
- Ouers, met die oog op die opvoeding van hulle kinders
- Lidmate, kategete, Bybelstudieleiers en almal wat belang het by of geïnteresseerd is in die Gereformeerde Teologie
- Mense wat in beroepe staan waarin godsdiens, kerke, geloof en teologie 'n rol speel, bv. onderwysers, beraders, joernaliste, regsgeleerdes, sielkundiges, maatskaplike werkers, nooddienste, gemeenskapsontwikkeling, risikobestuur ...





© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

# WAT BAAT EK DAARBY?

- Jy sal akademies betekenisvol voorberei wees om verder in die teologie te studeer
- Die kennis wat jy opdoen sal jy uitnemend kan gebruik in jou gemeente, jou beroep of jou gesin
- Jy sal goed toegerus wees om die gereformeerde leer te verduidelik en te verantwoord
- Jy sal weet hoe om hedendaagse vraagstukke oor geslag, die huwelik, die gesin en die kerklike lewe in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif te hanteer
- Jy sal ook geestelik, teologies en persoonlik gevorm word om dankbaar en singewend voor die aangesig van God te leef en te werk
- Jy sal jou sertifikaat(e) kan gebruik as erkenning van voorafleer om jou loopbaan te bevorder

# AKADEMIESE STANDAARDE

- Na suksesvolle voltooiing van elke kursus ontvang jy 'n Sertifikaat van Bevoegdheid van die GTA
- Al die kursusse is deur die Kuratorium van die GKSA goedgekeur
- Kursusse word slegs aangebied deur dosente wat kundiges in hulle vakgebiede is

# HOE WORD DIT AANGEBIED?

- Aanlyn sessies
- Aanlyn selfgerigte leer
- In persoon (slegs van toepassing op ampsopleiding)

# WAT KOS DIT?

Elke kursus kos R2 500. Dit sluit kursusmateriaal, aansoek -, registrasie-, en biblioteekfooie in

# HOE SKRYF EK IN?


Skryf ‘n e-pos aan info@rgta.org.za of besoek die weblad: www.rgta.org.za en volg die stappe.
Studente wat hulle as Woordbedienaars in die GKSA wil bekwaam, moet ook kontak maak met die Registrateur van die Teologiese Skool van die GKSA by curators@gksa.co.za

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

# OORSIG VAN DIE KURSUSSE

## Die Ou Testament

Die kursus spits hom toe op die 39 boeke waaruit die Ou Testament bestaan. Die inhoud van elke boek word oopgespit en met insig behandel. Na voltooiing van die kursus sal jy nie net die name van die boeke op die punte van jou vingers ken nie, maar ook verstaan hoe die Ou Testament saamgestel is, watter boeke by mekaar hoort, en waar elkeen van die profete in die geskiedenis van Israel byvoorbeeld inpas. Jy sal die lyn raaksien waarlangs die openbaring van God sy verloop in die Ou Testament geneem het: van die skepping af, oor Noag, Abraham, Israel, die wet, die tempeldiens, die konings en die profete. Bo alles sal jy ontdek waarom die kerk van Christus die Ou Testament as Woord van God aanvaar, onderrig en verkondig.





## Die Nuwe Testament

Die kursus gee 'n oorsig oor die inhoud en die agtergrond van die 27 boeke van die Nuwe Testament. Na voltooiing hiervan sal jy kan verduidelik hoe die Nuwe Testament saamgestel is en die soort boeke wat daarin opgeneem is, kan onderskei. Jy sal 'n oorsig oor die lewe en betekenis van Jesus Christus kan weergee. Jy sal met insig die breë lyn van die openbaring van die heil in Christus Jesus soos dit in die Nuwe Testament aan die woord kom, kan uitlê. Jy sal ook weet hoedat die Ou en Nuwe Testamente met mekaar saamhang en waarom die Christelike kerk die Nuwe Testament as onfeilbare Woord van God erken.

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

## Die drie katolieke belydenisse van die kerk

Agter in die Psalmboek van gereformeerde kerke is die drie katolieke (of ekumeniese) belydenisse opgeneem: die Twaalf Artikels, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Atanasius. In die erediens word een van hulle altyd bely. Dit is 'n belangrike moment in die samekoms van die gemeente. Hierdie kursus lê die geskiedenis en plek waar die drie belydenisskrifte ontstaan het op 'n leersame wyse uit. Daar is egter veel meer aan die kursus. Die drie word stap vir stap met mekaar vergelyk. Jy word ingelei in die breedte, diepte en hoogte van die kennis van God. Na voltooiing van die kursus sal jy byvoorbeeld kan verduidelik wat die kerk met die volgende bedoel: “So is daar dan een Vader, en nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie. En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word”.

## Die drie Formuliere van Enigheid

In die Psalmboek kom 'n mens ook die gereformeerde belydenisskrifte, wat in kerke van gereformeerde belydenis onderteken word omdat hulle met die Bybel ooreenkom, teë. Hierdie kursus is 'n inleidende studie oor die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Waar hulle in die geskiedenis van die kerk na vore kom, hoe hulle gestruktureer is, wat hulle inhoud is, en die blywende trefkrag vir die lewe van die gemeente word in die kursus uiteengesit. Die uitleg van die Twaalf Artikels deur die Heidelbergse Kategismus vorm 'n afdeling van die kursus en sal by jou die vermoë opskerp om die belydenis van die kerk op die regte manier te verduidelik. In samehang met die kursus oor die drie katolieke (of ekumeniese) belydenisse van die kerk sal jy dus in staat wees om die suiwer leer van die kerk te onderskei en uiteen te sit.



© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

## Die geskiedenis en teologie van die kerk in Afrika

Hoe het Christus oor die eeue heen sy kerk in Afrika gewortel en vergader? Hoe is die evangelie in hierdie kontinent verkondig? Hierdie kursus gee 'n oorsig oor byna 2000 jaar kerkgeskiedenis in Afrika. Dit begin met die kerk in die omstreke van die Middellandse See aan die Afrika-kant, die belangrike teologiese skole en volg die spoor van die kerk langs die Nylrivier af in die rigting van Ethiopië. Die kursus stel jou ook bekend met hoe Islam in die 7de en 8ste eeu na Christus in Afrika ingekom en aanvaar is. Die belydenis van die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees) is nie net bevraagteken nie, dit is met geweld verwerp. Die Christelike kerk is vervolg. Hoedat die evangelie sedert die 15de eeu in die westelike en suidelike dele van Afrika ingang gevind het, en gevolg gegee het aan Katolieke en protestantse kerke, maak 'n tweede deel van die leerstof uit. Die laaste deel gee 'n oorsig oor die kerkgeskiedenis van suidelike Afrika, waarin die gereformeerde kerke tot stand gekom het. Jou kennis van die kerk in Afrika sal jou na voltooiing van die kursus in staat stel om die kerklike en teologiese landskap in ons land met insig te begryp.





© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

## Die lewe en diens voor die aangesig van God

Wie teologie studeer, word daardeur geraak. Onvermydelik. Kenmerkend van die Christelike lewe en diens is Godsvrees. Die kursus spoor op 'n onvergeetlike manier die uitleg van die Wet en die Onse Vader van die Heidelbergse Kategismus na. Dit sluit aan by die uitleg van die Twaalf Artikels, en bring op hierdie manier grondige kennis van die Kategismus bymekaar. Die uitleg van die Tien Gebooie vorm ook die rigsnoer van die lewenswandel van almal wat deel in die GTA. Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe. Daarom word soveel tyd in die kursus hieraan afgestaan.

## Die orde van Christus in sy kerk

In die kursus bestudeer jy 'n grondliggende en steeds betekenisvolle dokument uit die tyd van die Reformasie (16de eeu). Dit is oorspronklik in Duits geskryf. Die dokument ter sprake is die kerkorde van die Palatinaat, 'n landstreek waarvan Heidelberg die hoofstad was. In hierdie stad is die Heidelbergse Kategismus geskryf (1563) en in die kerkorde opgeneem. Agter in die gereformeerde Psalmboeke is die Christelike gebede, en die formuliere vir die doop en nagmaal, wat direk uit hierdie kerkorde stam. Ons is dus op 'n besondere manier verbind aan die kerkorde van Heidelberg. Die kursus lei jou in om al die fasette van die orde waarmee Christus in sy gemeente regeer, naamlik deur die Woord en die Gees, te waardeer. Dit raak sake soos die opdrag van die Woordbedienaar, die ouderling en die diaken. Die prediking, onderrig, kategese en pastorale arbeid in die gemeente kom onder die loep. Die bediening van die gebede, sakramente en onderlinge versorging vorm 'n belangrike deel van die kursus. Kortom, hierdie kerkorde is die hoeksteen vir gereformeerde kerkwees ook in ons tyd.

## Christus en wêreldbeskouings

Reg uit die staanspoor het die kerk in Afrika te make gekry met wêreldbeskouings, godsdienste, uitdagings, dwaalleer en aanvegtinge – sake waarmee ons vandag nog te doen het. Slegs begronde kennis van toonaangewende strominge, standpunte, oortuigings, godsdienste (bv. Islam, panteïsme, naturalisme, Afrika godsdienste, ateïsme, ens.) in die lig van die Skrif, rus 'n mens voldoende toe om dit raak te vat en as Christen te oorweeg én te weeg. Die doel van die kursus is om jou met die regte kennis toe te rus, ten einde te kan onderskei, te antwoord, en die evangelie van Christus op die regte manier hieraan te bedien. Dit het nie net groot waarde ten opsigte van die wêreld waarin ons leef nie, maar ook om jong en verwarde mense rigting te gee en help om die geloof waarin ons leef, te verantwoord.

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

## Lees noulettend

Die bestudering van teologie stel hoë eise aan 'n mens. Dit verg baie leeswerk, nie net boeke uit ons eie tyd nie, maar ook bronne uit die geskiedenis van die kerk. Of notules van en rapporte aan kerkvergaderings. Die vaardighede om die bron, of artikel of boek wat jy lees reg te begryp en te weeg, word deur die kursus ingeskerp.

## Skryf noukeurig

Noukeurige en akkurate formulering dra in ons teologiese en kerklike skryfwerk baie meer gewig as wat ons op die oog af dink. Slordige formulering, teologiese kwinkslae en algemene stellings het verreikende gevolge en werk maklik dwaling en misleiding in die hand. Hierdie kursus maak jou nie net hierop bedag nie, maar leer jou die vaardigheid om op die regte manier te formuleer en te skryf. 'n Belangrike afdeling van die kursus leer jou om 'n notule te skryf, sowel as om 'n amptelike kerklike dokumente (bv. 'n rapport aan 'n kerkvergadering) te beplan en op te stel. Dit alles staan in verband met Artikel 34 van die Dordtse Kerkorde, naamlik dat die skriba nougeset (noukeurig) moet opskryf wat noodsaaklik is om opgeteken te word.



© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

GEREFORMEERDE TEOLOGIESE AKADEMIE

Stuur u lig en u waarheid

Die veelseggende kandelaar in die embleem kom uit die Ou en die Nuwe Testament (Eks. 25, Openb. 1:12, 13, 20). Die kandelaar rus op 'n oop Bybel, die fondament, naamlik die Ou en Nuwe Testament. Dit word gerugsteun deur 'n hoeksteen (Efes. 2:20). Die kandelaar vorm 'n perfekte sirkel na onder. Dit herinner aan die simbool ('n son) van die Akademie van Genève, wat deur Calvyn opgerig is. Ons embleem vertolk dus ons geskiedenis op 'n besondere manier.

Psalm 43:3: Stuur u lig en u waarheid is dienooreenkomstig die leuse van die GTA.

© Gereformeerde Teologiese Akademie 2024

GEREFORMEERDE TEOLOGIESE AKADEMIE

Stuur u lig en u waarheid